

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 74

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

DIE EERSTE GEBOD

Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.

(Eksodus 20:3).

Wat gebied God in die eerste gebod

Dat ek, so dierbaar as my die saligheid van my siel is, alle afgodery, towery, waarsêery, bygeloof, aanroeping van die heiliges of van ander skepsele moet vermy en dit ontvlug en die enige ware God reg moet leer ken, Hom alleen moet vertrou, in alle ootmoedigheid en lydsaamheid my aan Hom alleen moet onderwerp, van Hom alleen alles wat goed is, moet verwag, Hom van ganser harte moet liefhê, vrees en eer, sodat ek eerder van alle skepsele sal afsien en dié laat vaar as dat ek in die allerminste teen sy wil sal handel.

Wat is afgodery?

Afgodery is, om in die plek van die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het, of naas Hom, iets anders te versin of te hê waarop die mens sy vertrouwe stel.

(Heidelbergse Kategismus. Vrae 94 en 95)

Die Ander Gode

Ek noem daardie verslete, geel kamerjas van die bokser, wat volgens sy geloof sal beslis of hy die uitklophou gaan slaan, sy god!

Die rugbyspeler se gelukbringertjie, wat volgens hulle 'n voorsienige krag het; die motorbestuurder se poppie wat na sy bewering bewarende vermoëns besit — almal is afgode!

U sê ons moet dit nie te ernstig opneem nie; dat hierdie voorwerpe slegs maar aan hulle besitters sielkundig selfvertroue gee. Presies, dit is afgodery — dat daar iets versin word waarop die gees vertroue in kan stel.

So ontmoet ons dié mense wat 'n menigte klein dingetjies met bygeloof beskou: tekens word ontdek, kragte word toegeskrywe aan mense en dinge, die sterrevoorspellers praat in ons tydskrifte en die redaksies sê dis sommer grappe, maar die mense lees dit en volg die voorskrifte. Op ons straathoeke staan die waarsêers se karavaan. Ons gaan na hierdie toingrige vroue en ons glo hulle is God, want hulle oë kan kyk soos God se oë. Is die tegnies-kulturele mens nie nog maar in sy hart by die dolosse van Afrika nie?

Huisvesting:

In die antieke wêreld was daar 'n klomp mensgemaakte gode wat vandag nog huisvesting vind.

- **Demeter** —

die *moeder Aarde* ken nog haar aanbidders wat die aarde as hoop en krag en ideaal bely.

- **Venus** —

die *skoonheidsaanbidding* word vlees en bloed in al die koninginne op die sierwaens, in al die prikkelpoppe se foto's op die kamermure van ons seuns, in die honger oë wat die hoogste lus vind in en die hoogste diens lewer aan die skone liggaam.

- **Dionysus** —

die God van die *ekstase* wat springlewendig die "rinkals" dans en luidrugtig te kere gaan in die blêrmusiek.

- **Bacchus** —

die god met die *swaar buik* van al die eet en drink en wilde smaaklike opwinding van die wellus.

- **Hercules** —

hy bult nog sy spiere in ons *magsdronke wêreld* en sy energie-opwekking, in die eeu van krag, word die hoop van die wêreld.

- **Isis** —

die godin van die *lewe*. Die skone, menslike lewe met al sy geur en kleur en klank.

- **Mammon** —

die *rand/sent- kêrel* wat bely dat geld alle nood versoet, alle deure open, alle eer koop, alle

teenstand versmelt.

• **Asclepius** —

die god van die *medisyne*. Antibiotika is die redder en waarlik — my verlosser leef in die laboratorium en die psigiater maak reg wat God nie kan regkry nie.

Die ander God...

Ek vra om hom te ontdek in u lewe. Gebruik die volgende om hom op te spoor:

Die heerser in ons lewe, dit wat ons groot toewyding en oorgawe ontvang, wat ons diepste onrus en kommer stil en as lewensvulling dien, is die afgod.

Na wie sal jy gaan?

Is dit nie tyd dat u moet ophou met dié kinderspeletjies nie?

Na wie sal jy gaan

— as die dokter sy skouers optrek en jou dierbare tussen die wit lakens lê?

— as jou tjeks nie meer kan koop waar jou hart na hunker nie?

— as die lewe jou isoleer en sy spookgesig vir jou trek?

— as jou bruin spiere slap word en as die atoomenergie alles om jou verwoes

— as die trombose jou neertrek en jy soos 'n ou man elke treetjie moet afsukkel terwyl jou eertyds-oorlaaide bord 'n slaaiblaartjie oplewer volgens doktersvoorskrif?

Na wie sal jy gaan as die lus in jou vergaan het en die opwinding gaan lê het?

"Nou kan ek nog wel êrens skuil
maar hoe sal dit wees in die nag
as die winde soos wolwe huil
en die ewige vierskaar ons wag?"

Die tyd is kort — jou afgodjies is reeds besig om te tuimel.

Die eerste stap is: Gaan soek die Bybel en lees: Jesaja 40:12-26 en Jesaja 46:1-13.

Eenvoudige raad? Hoe weet jy? Doen dit nou!

W. J. de Klerk

PASOP VIR DIE ROOI LIGTE

Hy sit geboë, sy vingers deur sy deurmekaar hare gestrengel. Wat het gebeur? Hoekom het dit met my gebeur? Is God regverdig as Hy 'n mens met sulke swakhede skep?

Die nimmereindigende spel van gedagtes, die rustelose gesoek na oorsaak en oplossing! Dan weer is onaangename gebeurtenisse van die verlede so glashelder. Hy sien weer die waardige figuur van Meneer Venter, die voorsitter van die direksie. Ja, hulle het hom verskeie kere gewaarsku. Hy het goeie diens gelewer, maar so kan sake nie aangaan nie. Die beheer oor die personeel gaan verlore. Koue syfers bewys dat sake nie meer so vlot verloop nie. Die direksie het na sorgvuldige oorweging besluit om hom nie in die pad te steek nie, maar sal dit hoog op prys stel as hy sy bedanking onverwyld indien.

Hy smag na 'n drankie. Dwarsdeur sy liggaam is daar die onbeskryflike prikkeling van geïrriteerde senuwees. 'n Swaar hoofpyn wil sy kop laat bars. Sy oë voel rou. Net een drankie en hierdie hele aardige werklikheid sal versink in die beskermende arms van bedwelming, maar dan begin die hele proses van voor af: weer dodelik siek, weer 'n regmaker, dan nog een. Waar moet dit eindig?

Hy het nie meer verskonings nie. Al die mooi argumente het hul betekenis verloor. Vandag weet hy dat drank die oorsaak van die ondraaglike spanning in die huis is. Hy weet dat drank daardie liggaamlike irritasie veroorsaak. Dit is drank wat sy brein rusteloos voortdryf. Die vrees en ang... die eensaamheid... die gesondheid wat nou met alle erns begin ingee. Grillige spoke uit die verlede, hede en toekoms voer 'n gekkedans in sy gedagtes uit. Sy lewe het 'n groot, dreigende, sinlose massa geword.

Hy is verslaaf aan drank... verslaaf! Daar was tye toe hy gereken het dat dit nooit met hom sou gebeur nie. Hy het verspot-vriendelik met ander gaste oor die glasies gelag. Hy was nie bang om soms te veel te drink nie. Hy het by sy maats en selfs by sy juniors bekend gestaan as 'n "sport". Buitendien het hy gewoonlik nog goeie beheer oor homself gehad, as ander ouens lankal handdoek ingegooi het. Dit is net in later jare wat hy nie meer drank kan hanteer nie.

Wat het hy vandag... 'n vrou wat moet sorg dat die pot aan die kook bly. Die glimlaggende gesigte op die familieportret lyk so onwerklik. Weg is daardie vriende wat sy gastekamer snuif getrap het. Die paar familieleden wat nog kom, preek altyd — 'n klomp skynheilige fariseërs. As hulle tog ook maar wil wegbly!

'n Suksesvolle jongman, belowend en talentvol, maar toe hy die klimaks moes bereik het, was daar net laagtepunte. Dit is die verhaal van duisende mense in ons onmiddellike omgewing. Gewoonlik het hulle lankal die werklike lewendige kontak met God verloor — onbewus van die feit dat hulle lewens 'n ander middelpunt gaan soek het. Geen mens kan sonder God of 'n god lewe nie. Een van die mees verwoestende gode of middelpunte vir 'n mens se lewe is dwelmmiddels waarvan drank een van die belangrikste is.

Weet u dat oormatige en verkeerde drankgebruik ernstige gevare inhou? 'n Groep drinkers word ook alkoholiste, ongeag hul status, ekonomiese klas en sosiale kringe. Dit is die vloek van verslawing. Baie vroeg in die hele proses word 'n breinspoeling ontketen. Verskoning op verskoning word aangegryp om die gevaarsimptome te verklaar en te ignoreer. Bykans

konsekwent word die prooi so verblind, dat hy nie eers besef dat hy met asemberowende spoed op gapende afgronde afpyl nie. Daarom bly alkohol en dwelmmiddels — wat met onoordeelkundige gebruik tot nog erger verslawingsvorms kan lei as alkoholisme — van die mees verwoestende afgode van ons moderne eeu. Dit is gewaande vriende wat 'n mens later in die steek laat.

SUKSESVERSLAWING

DIE KONINKRYK VOL K R A K E

"Van briewebesteller tot minister."

"Blikkiesdorp-seun word spesialis."

"Nuwe regter het begin as vrugtesmous."

Pragtig! Om dit te lees, vul 'n mens met bewondering. Sweet, min slaap, 'n wil van staal het hierdie mense op die boonste sport gebring. Ons gun hulle die sukses, maar miskien is daar ook 'n skadukant!

Dit sal goed wees as ek en jy, wat wil vooruit kom in die lewe, 'n bietjie goed nadink. Die strewe na promosie en posisie, na finansiële en maatskaplike sukses kan ook te ver gaan. Dan word dit 'n verterende monster wat lewensgeluk verwoes, wat huisgesinne opbreek, wat vrede vernietig en harte verskeur. Dan word sukses 'n koninkryk vol krake.

Waarom?

Laat my net eers toe om te vra: waarom wil jy sukses behaal? Wat is jou uitgangspunt en doel met jou strewe na sukses in die lewe? Is dit om jou roeping beter te kan vervul, jou volk en jou kerk en jou God beter te kan dien, 'n beter eggenoot en vader te kan wees — m.a.w. beter diens te kan lewer? Dan kan jou strewe geloof word! Die Bybel het immers ook nie tyd vir die luitaard en die ontroue dienskneg wat sy talente begrawe nie!

Maar as jou doel is om vir jouself naam te maak, vir jouself roem en eer te verwerf, skatte te versamel, 'n posisie te bereik waar jy kan heers in plaas van dien... dan is jou uitgangspunt verkeerd! Die drang na sukses gaan van jou 'n slaaf maak wat jou lewensgeluk gaan verteer... gaan van jou 'n wrak maak en gaan jou beroof van die dinge wat die lewe die moeite werd maak.

Suksesvolle Mislukking!

Miskien voel jy om vir my te sê: "Suur druiwe!" Jy mag reg wees, ja, maar ek weet dat onbegrensde ambisie Adolf Hitler laat degenerer het tot 'n maniak met miljoene lewens op sy kerfstok. Dit het

- Napoleon as 'n eensame balling laat sterf op St. Helena,
- van 'n besige miljoenêr-sakeman se kinders hippies en daggarokers gemaak,
- 'n beroemde spesialis se huwelik flenters geslaan,
- veelbelowende mense geknak en te vroeg laat sterf,
- mense van God en kerk vervreem, omdat hulle te besig was,
- baie mense as 'n prooi na die hel gesleep.

As jy God uit die oog verloor en jou beginsels oorboord begin gooi ter wille van sukses, kan jy nie bo bly nie. Dit word 'n wegholperd wat met jou afsit na 'n afgrond. 'n Onbeteuelde, egoïstiese, afgodiese drang na sukses mag aan jou 'n "suksesverhaal" op aarde besorg, maar van jou 'n suksesvolle mislukking maak vir die hemel!

Tot eer van God

Vir die suksesgulsige het Christus 'n ernstige woord: "Want wat sal dit 'n mens baat as hy die hele wêreld win en aan sy siel skade ly? Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?" (Mark. 8:36, 37). Wie homself so verkoop, verloor alles — ook wat hy dink dat hy het!

Verstaan my nie verkeerd nie. Om ywerig vooruit te strewe is nie sonde nie; intendeel, dis ons Godgegewe roeping, maar dan moet ons God ken in ons strewe en ambisie. Nooit mag ons God inruil vir die egoïstiese sukses-afgod nie. Ons moet steeds die regte perspektief behou en eerste stel wat eerste hoort: "Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word." (Matt. 6:33).

Dan word ons strewe en ambisie sinvol en die moeite werd. Alleen met ons hand in God se hand, kan ons 'n koninkryk bou sonder krake, 'n huis wat sal bly staan... al woed die storms (Matt. 7:25).

'n Strewe na sukses; tot eer van God en in diens van ons naaste; sukses gereinig deur die bloed van Christus, vind ook 'n plek voor God se troon! (Openb. 14:13).

W. J. Maritz

Vir die dowwe lamppit... en die geknakte riet

Diegene wat die lewende geloof in Christus of die vaste vertrouwe van die hart, die vrede van die gewete, die betragting van kinderlike gehoorsaamheid en die roem in God deur Christus in hulle nog nie kragtlik gevoel nie en nogtans die middele gebruik waardeur God belooft het om dit alles in ons te werk,

hulle moet nie mismoedig word wanneer hulle van die verwerping hoor nie, of ook hulle onder die verworpenes reken nie; maar hulle moet vlytig voortgaan om die middele te gebruik, vurig verlang na die tyd van oorfloediger genade en dit met eerbied en ootmoed verwag,

aangesien die barmhartige God belooft het dat Hy die dowwe lamppit nie sal uitblus en die geknakte riet nie sal verbreek nie.

(Dordtse Leerreëls I. 16 — agter in die Psalmboek)

Is daar 'n ewige lewe?

Die een mens na die ander sterf.
Die een graf na die ander word gegrawe.
Maar ... is die dood en die graf werklik die einde?
Dat ons gaan sterf... ag, ons weet dit.
Dat hulle ons gaan begrawe... dit staan vas.
Maar ... is daar 'n lewe na die dood en 'n opstanding?
Dit is eenvoudig net 'n kwessie van **geloof**.
Ewige lewe? Opstanding?
Glo u? Ja of Nee?

Die bewys

Al bewys dat daar 'n opstanding en ewige lewe op ons wag, is uit die Woord van die Here en veral die Naam waarmee God Homself bekend gemaak het.

Hy het vir Moses gesê: "Ek is die God van Abraham, Isak en Jakob." Abraham was al lankal dood. Isak rus al eeue in 'n spelonk. Jakob het ook reeds sy laaste asem uitgeblaas. Lank gelede. God noem Homself na hulle al het hulle lankal gesterwe.

Hy was nie bang om Hom, as die lewende God, na dooies te vernoem nie. Lank na hulle dood verbind Hy nog steeds sy Naam aan die drie. Hy weet tog sekerlik dat dit nie hulle is wat Hom, die Lewende, in die dood hou nie, aar dit is juis Hy wat hulle uit die dood ophig in sy ewige lewe.

Toe hulle al lankal dood was, sê Hy nie: nou kan Ek my nie meer na hulle vernoem nie. Hy sê nie: Ek kan dit nie waag om My Naam aan dooies te koppel nie. O nee, Hy sê vir Moses: Ek is die God van Abraham. Het Abraham miskien gesterwe? Ja sekerlik, maar God leef en Abraham leef met Hom, al het hy ook gesterwe.

Wat is dus die bewys vir die ewige lewe en die opstanding? Die Naam waarmee God Hom geopenbaar het. So doodgewoon en eenvoudig. God is die waarborg dat daar 'n ewige lewe is. God van Abraham, Isak en Jakob — net die drie?

Wat van ons?

God verbind sy Naam ook aan ons. By ons doop verseker Hy ons dat Hy ons God genoem wil wees. Hy roep sy Naam oor ons uit. Word ons dan nie gedoop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees nie? Ons sou amper wil sê dit gaan God se Naam kos. Hy is immers die Lewende en ons gaan almal sterwe, maar tog volhard God en sê elke keer weer opnuut: Ek wil **jou** God genoem wees.

Nuwe grafte

Al word daar dag na dag nuwe grafte gegrawe, die Here laat elke keer weer die doopsformulier weerklink oor 'n kindjie van wie die lewe niks anders is as 'n gestadige dood nie en Hy verkondig dit telkens aan ons.

Ewige lewe

Ek wil jou God genoem wees. **Glo** en jy sal gered wees.

Nou begryp u seker. Dit is 'n kwessie van **geloof**.

Glo u God op grond van sy Woord?

Daar kom 'n oomblik waarop u tong droog en sonder 'n woord sal wees, u oë dof en hande slap. Dit sal die laaste uur van u aardse lewe wees.

Sal u dan nie nou glo in die Naam van dié God wat Hom só aan dooies verbind dat Hy sê: Ek is nie 'n God van dooies nie, maar van lewendes?

Op soek na geluk ?

Het dit u al opgeval met hoeveel ywer die mens na geluk soek? Hy soek na geluk in sy werk. Hy soek na geluk in sy huwelik. Hy soek na geluk in sy ontspanning. Hy soek na geluk met sy geld. Tog staan hy so dikwels verslae omdat hy nie die geluk vind by die mense en in dinge waarin hy dit soek nie. Waarom is dit so?

Dit is so, omdat die bodem waaruit ons lewe groei en waarop ons lewensgebou rus, vol van ongeluk is. Hierdie ongeluk kom daarvandaan dat die mens deur sy sonde van God wat alleen ware geluk kan skenk, vervreem geraak en 'n slaaf van Satan, die bewerker van alle ongeluk, geword het. Daar het skeiding gekom tussen God en ons.

Daarom gebeur dit dat daar te midde van ons oppervlakkige geluk soms oomblikke kom waarin ons bitter ongelukkig en bang voel — dat jou senuwees begin vreet en jy ontsettend geïrriteerd kan raak. Dit alles getuig maar net van een ding: dat ons deur ons sondes van die enige ware Skenker van geluk losgeraak het en daarom ongelukkige wesens is. Daar lê die diepste rede vir u ongeluk.

Geluk... waarvandaan?

Hoe vind 'n mens nou ware geluk? Alleen deur Jesus Christus. Hy is die Een wat gekom het om die ongeluk van ons weg te neem en in die plek daarvan aan ons ware, innerlike geluk te skenk. Dit het Hy gedoen deurdat Hy die breuk herstel het wat daar tussen God en ons gekom het. Hy het ons weer aan God gebind en met God versoen deur vir ons vergewing van sondes te bewerk.

Vergewing

Weet u wat vergewing is?

Vergewing beteken in werklikheid dat twee persone (of groepe) wat deur iets van mekaar geskei is, weer by mekaar gebring word deurdat dit wat hulle van mekaar skei, oorbrug of uit die weg geruim word.

Dit is wat Jesus Christus vir ons gedoen het. In en deur Christus het God werklik vir ons Immanuel — God met ons — geword. Daarvan getuig Petrus as hy sê: "Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely. Hy die regverdige vir ons die onregverdige *om ons tot God te bring.*" (1 Petr. 3:18).

Daarom word Christus heeltemal tereg ook *Saligmaker* genoem en Saligmaker beteken eintlik niks anders as *Gelukkigmaker* nie. Hy het ons salig en gelukkig gemaak deurdat Hy ons weer by God, die enigste oorsprong van alle ware geluk en vreugde, gebring het.

Christus alleen

Uit dit alles is dit duidelik dat Christus *alléén* ons weer by God kan bring en met God kon versoen. Niemand anders kan en kon dit doen nie — nie sy moeder, Maria, nie sy dissipels of apostels, geen ander mens nie — Hy alleen. Daarom kan Petrus, as hy van Christus spreek,

ook met volle oortuiging sê: "En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam in die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie." (Hand. 4:12). Hier vind ons dus die antwoord op al die vrae en soektogte na geluk: die geloof in Jesus Christus. Sonder Hom sal ek nêrens geluk vind nie, gaan ek soekende deur die lewe en vrees ek die dag van my dood.

In en met Hom het ek ware geluk en vreugde gevind en niks kan dié geluk van my wegneem nie — geen smart of lyde of dood nie.

Net vir andere?

Onthou, Christus het ook gekom en gely om ook *u* geluk te bewerk — geluk vir hierdie lewe en die lewe hierna, maar dan moet u waarlik in Hom glo. In die Bybel lees ons dat 'n apostel eenmaal aan 'n ongelukkige man gesê het: "Glo in die Here Jesus en jy sal gered word." Hy kon ook gesê het: "Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gelukkig word." Dit geld ook vir u.

P. J. de Bruyn

Ken u hierdie woorde ?

"By wie is 'Ag,' by wie is 'Wee my,' by wie is getwis, by wie is geklaag, by wie is wonde sonder oorsaak, by wie is dofheid van oë?"

By die wat laat opsit by die wyn, by die wat ingaan om gemengde drank te proe. Kyk nie na die wyn as dit rooiagtig lyk, as dit sy glans gee in die beker, glad na binne gly nie: op die end byt dit soos 'n slang en spuug gif uit soos 'n basilisk. "

Spreuke 23:29-32.

Is jy 'n mensvreter?

In Prediker 4:5 lees ons: "Die dwaas vou sy hande en eet sy eie vlees op."

Dit is dwaas om jou hande te vou wanneer jy moet werk.

Gevoude hande is teken van werkweiering, van staking.

Jy mag jou hande net vou wanneer jy God in die gebed aanroep.

Dit is nog meer dwaas om jou eie vlees op te eet.

As jy te lui is om te werk, is daar geen kos om te eet nie.

As daar geen kos is om te eet nie, word die oortollige vet in jou liggaam opgebruik — jou kragte word swakker — jy word al maerder — so word jy 'n mensvreter deurdat jy besig is om jouself op te eet.

Ons vind hierdie mensvreterbeeld terug in baie mense wat in die oggend bid om werk maar in die aand dankbaar is dat hulle dit nie gekry het nie...

Ons lees ook in Prediker 4:6: Een handvol rus is beter as al twee vuiste vol moeite en gejaag na wind.

Ons moet God in ons arbeid verheerlik.

Vir baie mense is arbeid tot eer van God bysaak en die loon vir die arbeid hoofsaak.

Daarom is baie mense bereid om hulle af te sloof deur oortyd en nogmaals oortyd.

Vir diesulkes sê Prediker: die mens vir wie arbeid evangelie en die arbeider 'n god is en die loon alles is, is besig om met al twee vuiste vol moeite en gejaag na wind te gryp.

Of om terug te kom na die beeld van die mensvreter:

Die mens wat so jaag na geld, is net soos die luiaard 'n dwaas wat besig is om sy liggaamskragte op te vreet.

Is daar hoop vir 'n mensvreter?

Wat stel God se Woord teenoor hierdie verslawing aan arbeid en geld?

Een handvol rus...!

Hierdie rus beteken tevredenheid, terugkeer tot myself, sielstevredenheid dat my werk tot eer van God verrig is.

Van hierdie rus sê onse Here Jesus Christus in Matteus 11:28: "Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee."

As u soos die beeld van die *luie dwaas* is, sal u eendag die woorde hoor:
"Jou slegte en luie dienskneg... werp die nuttelose dienskneg uit in die buitenste duisternis."
(Matteus 25:26, 30).

As u soos die beeld van die *oorywerige dwaas* is, dink aan die woorde wat God vir die ryk dwaas gesê het toe hy so versadig was van al sy moeite: "Jou dwaas, in hierdie nag sal hulle jou siel van jou afeis..." (Lukas 12:20).

As u te midde van u arbeid die rus van onse Here Jesus Christus ken, sal u die ewige rus by die Here onse God beërwe.

WIL JY NOG 'N MENSVRETER WEES?

C. J. Malan